# HOOFSTUK V

## 5. Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

### 5.1 Inleiding.

In hierdie hoofstuk sal daar 'n kort samevatting gegee word van die gegewens wat tot dusver in hoofstukke 1 tot 4 bespreek is. Daarna sal die samevattende gevolgtrekking gegee word.

Die aanbevelings sal op 'n drieledige wyse gemaak word.

(1) Eerstens sal algemene aanbevelings met betrekking tot praktiese onderwys gemaak word.

(2) Tweedens sal spesifieke aanbevelings vir 'n voordeliger skoolpraktikummodel vir eerstejaarstudente aan die Durbanse Onderwyskollege gemaak word.

(3) Derdens sal aanbevelings en riglyne vir voortgesette navorsing gegee word.

Hierdie navorsing is onderneem om die twee skoolpraktikummodelle vir eerstejaarstudente aan die Durbanse Onderwyskollege te vergelyk. Indien die navorsing 'n voordeliger skoolpraktikummodel kon identifiseer, sou daar gepoog word om dié skoolpraktikummodel so gou doenlik te implementeer.

Die navorsing in hierdie proefskrif is uitgevoer in opdrag van "Die Advieskomitee vir Onderwyspraktikum" van die Durbanse Onderwyskollege met die goedkeuring van die Natalse Onderwysdepartement. Die gevolgtrekkings en aanbevelings van die navorsing kan moontlik betekenisvol vir bogenoemde komitee wees.

Vervolgens sal daar slegs kortliks verwys word na die mees relevante aspekte van hierdie navorsing soos dit gestel is in die voorafgaande hoofstukke.

### 5.2 Die belangrikheid van praktiese onderwys in 'n onderwysersopleidingsprogram.

In hoofstuk I is aandag geskenk aan die noodsaaklikheid van praktiese onderwys in die opleidingsprogram van onderwysstudente. In dié verband is daar verwys na praktiese onderwys as integrale deel van die onderwysstudent se opleiding. Daar is ook verwys na die onderwysstudent

in die skoolsituasie. Praktiese onderwys as seleksiemedium is ook bespreek. Uit hiërdie besprekings is die afleiding gemaak dat praktiese onderwys 'n integrale deel van die student se opleiding vorm.

Die gevolgtrekking is gemaak dat praktiese onderwys baie waarde as seleksiemedium inhou om onderwysstudente te kan keur vir die onderwyspraktyk.

5.3 Die hoofkomponente van praktiese onderwys.

In die bespreking van die hoofkomponente van praktiese onderwys is daar verwys na die rol van die dosent, die toesighoudende onderwyser, die hoof en die onderwysstudent. Die afleiding is gemaak dat al hierdie persone ten nouste moet saamwerk om die sukses van praktiese onderwys te verseker. Aandag is ook geskenk aan die taak van die onderwysstudent tydens praktiese onderwys in die skoolsituasie.

5.4 Die problematiek van praktiese onderwys.

In die behandeling van die problematiek van praktiese onderwys is daar verskeie probleme geïdentifiseer wat tydens onderwyspraktikum ervaar word. Van hiërdie probleme is byvoorbeeld die posisie van die onderwysstudent in die skool, die spanning tussen teorie en praktyk, die inskakeling van die onderwysstudent by die toesighoudende onderwyser se onderwysprogram; gebrekkige begeleiding deur die toesighoudende onderwyser en swak skakeling tussen skole en die opleidingsinstitute. Daar is ook gewys op die spanning in die onderwyssituasie met betrekking tot bestaande en vernuwende onderwysbenaderings, wat die onderwysstudent tydens praktiese onderwys mag ervaar.

5.5 Oorwegings vir die vernuwing van praktiese onderwys.

Tydens die bespreking van oorwegings vir die vernuwing van praktiese onderwys is die rol van eksterne opleidingsmodaliteite toegelig, soos byvoorbeeld: internskap, die probasiejaar, selfwerksaamheidsmodules, 'n geïntegreerde kursus en die oefenskool. Die afleiding is gemaak dat hiërdie eksterne opleidingsmodaliteite 'n belangrike rol in die vernuwing van praktiese onderwys kan speel.

5.6 "Praktiese onderwys" of "Proefonderwys".

In hoofstuk II is die begrip "praktiese onderwys" of "proefonderwys" bespreek. Daar is bevind dat verskillende opvoedkundiges 'n verskeidenheid benaminge vir dieselfde opleidingsmodaliteit gebruik. Daar is besluit om in hierdie proefskrif die begrip "praktiese onderwys" te

gebruik omdat onderwysstudente skole besoek met die doel om praktiese opleiding te ondergaan. Dië begrip word ook aanvaar deur die KOH en die SAOR.

5.7 Doelstellings met onderwysersopleiding.

In die bespreking van die doelstellings met onderwysersopleiding is daar na die volgende aspekte verwys, naamlik: algemeen-vormende doelstellings, die akademiese opleiding en die professionele opleiding van die onderwysstudent as beroepsdoelstellings. Tydens die bespreking van algemeen-vormende doelstellings is daar verwys na die lewensbeskoulike standpunt van die onderwysstudent, die Christelik-opvoedkundige doelstelling en die standpunt dat die onderwysstudent 'n voortreflike mens behoort te wees. Aandag is ook aan die onderwysstudent en voortgesette studie geskenk. Daar is ook voorkeur gegee aan die gedagte dat die onderwysstudent 'n leier moet wees. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die "algemeen-vormende" of "indirekte" doelstellings sowel as die "beroeps"- of "direkte" doelstellings voortdurend nagestreef behoort te word tydens die opleiding van onderwysstudente.

5.8 Doelstellings met praktiese onderwys.

Tydens die bespreking van die doelstellings van praktiese onderwys is daar na enkele navorsingsprojekte wat in die buiteland rondom die saak onderneem is, verwys. Navorsingsprojekte in die Republiek van Suid-Afrika is ook bespreek. Die navorsingsprojekte verwys na die formulering van doelstellings vir praktiese onderwys. Uit hiërdie navorsing is ses doelstellings vir praktiese onderwys geformuleer.

In die bespreking van die ses doelstellings wat vir praktiese onderwys geformuleer is, kan afgelei word dat praktiese onderwys die opleiding wat in die skool sowel as in die opleidingsinstituut gedoen word, kan bevorder. Hierdeur kan die gehalte van onderwysersopleiding verbeter word.

5.9 Instituutpraktikum en skoolpraktikum as opleidingsmodaliteite.

Aandag is ook geskenk aan instituutpraktikum en skoolpraktikum. Daar is bevind dat hiërdie twee opleidingsmodaliteite belangrik is vir 'n suksesvolle onderwyspraktykkursus. Die onderwysstudente moet dus deur middel van die instituutpraktikum deeglik voorberei word sodat hulle die skoolpraktikum ten volle kan benut.

5.10 Ander opleidingsmodaliteite vir onderwysers.

In die bespreking van ander opleidingsmodaliteite vir onderwysers is daar verwys na: mikro-onderwys, modellering, simulasie, minikursusse en selfonderrigkursusse, sowel as interaksie-analise en mikro-onderwys. Vaardigheidsopleiding, bevoegdheidsgerigte onderwysersopleiding, lesbeplanning, lesontwerp, kernfasette van die lesstruktuur, lesaanbieding en lesevaluering as opleidingsmodaliteite is ook bespreek. Die afleiding is gemaak dat elkeen van hiérdie opleidingsmodaliteite 'n belangrike rol kan speel in die vernuwing van onderwysersopleiding in die RSA.

5.11 Bestaande navorsingsprojekte in die Republiek van Suid-Afrika in verband met praktiese onderwys.

Daar is kortliks verwys na enkele bestaande navorsingsprojekte in die Republiek van Suid-Afrika wat oor praktiese onderwys handel. 'n Navorser soos J.A.C. Visagie het reeds in 1958 'n jaar internskap vir onderwysers aanbeveel na die voltooiing van hul studie aan 'n opleidingsinstituut. J.W. Loubser het in 1959 daarop gewys dat toesighoudende onderwysers gekeur moet word, terwyl P.P. Kirstein in 1962 aanbeveel het dat die duur van praktiese onderwys verleng moet word. R.E. Lighton (1959) sowel as P.P. Kirstein(1962) is van mening dat teorie en praktyk tydens onderwysersopleiding beter geïntegreer moet word. Uit die navorsing kan ook afgelei word dat hiérdie vroeë navorsers net soos meer resente navorsers, aandring op sinvolle vernuwing in praktiese onderwys.

5.12 Enkele navorsingsprojekte in die buiteland in verband met praktiese onderwys.

Aandag is ook geskenk aan enkele navorsingsprojekte wat in die buiteland met betrekking tot praktiese onderwys onderneem is. Volgens die navorsing van die "US Department of Health, Education and Welfare" (1966) moet nouer skakeling tussen skole en opleidingsinstitute plaasvind. Hiérdie onderwysowerheid kom ook tot dieselfde gevolgtrekking as Conant (1963), naamlik dat sukses in praktiese onderwys die belangrikste vereiste by sertifisering behoort te wees. Die "Commonwealth Office of Education" (1963) wys daarop dat beide die een-dag-per-week skoolpraktikummodel sowel as die blokpraktikummodel in Australië gebruik word. Volgens Bereday (1960) sluit die praktiese opleiding van onderwysstudente in die USSR ook ervaring buite skoolverband in. Macmillan (1954) bevind dat praktiese onderwys in die

meeste lande drie tot vier weke lank duur, terwyl Beresford (1960) tot die gevolgtrekking kom dat toesighoudende onderwysers bykomende vergoeding behoort te ontvang. Die Britse Plowdenverslag (1967) beklemtoon die besondere verhouding tussen teorie en praktyk en die aanbeveling word gemaak dat onderwysstudente reeds vanaf die eerste opleidingsjaar skole behoort te besoek. Daar is ook bevind dat die gemeenskaplike faktor in dié wyd uiteenlopende navorsing die aandrang op sinvolle vernuwing in praktiese onderwys is. Die buitelandse navorsers is soos die Suid-Afrikaanse navorsers voorstanders van voortgesette navorsing en vernuwing in praktiese onderwys.

5.13 Prinsipiële begronding vir praktiese onderwys.

In die bespreking van die prinsipiële begronding vir praktiese onderwys is die afleiding gemaak dat praktiese onderwys wat gegrond is op die Christelike opvoedingsideaal, 'n positiewe bydrae tot die doeltreffende opleiding van onderwysstudente kan lewer.

5.14 Twee skoolpraktikummodelle in die opleiding van eerstejaaronderwysstudente.

Die twee skoolpraktikummodelle vir die opleiding van eerstejaarstudente is kortliks bespreek. Die afleiding is gemaak dat daar min of geen empiriese navorsing in Suid-Afrika onderneem is om te bepaal of die blokpraktikum óf die een-dag-per-week praktikum, die doeltreffendste opleiding aan eerstejaaronderwysstudente bied nie. Op grond hiervan is die onderhawige navorsing resent en aktueel.

5.15 Die empiriese ondersoek met betrekking tot die twee skoolpraktikummodelle.

In hoofstuk III is die motivering en doel met die empiriese ondersoek gestel. Die beplanning en verloop van die navorsing, die hipotese vir die empiriese ondersoek, die eksperimentele ontwerp en 'n beskrywing van die populasie is ook bespreek. Die ewekansige indeling van eerstejaarstudente is beskryf asook die metode om te bepaal of die prestasies van die eksperimentele- en kontrolegroepe aanvanklik gelyk is, met betrekking tot hulle voortoetsprestasies by die skole. Aandag is ook geskenk aan interne en eksterne geldigheidsprobleme en daar is ook 'n uiteensetting van die tweeledige empiriese ondersoek gegee. Die resultate van die twee skoolpraktikummodelle en die vraelys is in tabelvorm gegee.

5.16 Interpretasie van resultate.

In hoofstuk IV is die keuse tussen parametriese en nie-parametriese statistiek sowel as die t-toets of z-toets bespreek. Daarna is die statistiese hipoteses gestel en is opvoedkundige beduidenheid ook bespreek. Vervolgens is die statistiese data van die twee skoolpraktikummodelle met behulp van fig. 4.1 en fig.4.2 skematies voorgestel.

Die statistiese data van die twee skoolpraktikummodelle is in tabelle 4.5.1 tot 4.5.20 weergegee, sowel as die interpretasie daarvan. Die statistiese data van laasgenoemde tabelle word in fig. 4.1 en fig. 4.2 skematies voorgestel, met die uitsondering van tabelle 4.5.17 tot 4.5.20. In laasgenoemde tabelle word die resultate verkry uit 'n vergelyking van die evaluering deur die dosente met die evaluering deur die kontroledosente, tydens die voortoets sowel as tydens natoetse 1, 2 en 3 geëvalueer. Uit dié tabelle is afgelei dat die standaard van die evaluering deur die dosente en die kontroledosente tydens die voortoets en natoetse bykans dieselfde is.

5.17 Resultate van statistiese data afgelei uit fig. 4.2.

(Vergelyk fig. 4.2 ). Uit tabelle 4.5.4 en 4.5.8 kan afgelei word dat albei die skoolpraktikummodelle bygedra het tot 'n beduidende verbetering in toetsprestasies van die eksperimentele- en kontrolegroepe. (Die statisties beduidende verskille van tabelle 4.5.4 en 4.5.8 is ook opvoedkundig beduidend).

Uit tabelle 4.5.9 en 4.5.12 kan afgelei word dat daar geen statisties beduidende verskil onderskeidelik tussen die eksperimentele groep en die kontrolegroep se voortoetspunte sowel as hulle natoets 3-punte bestaan nie. (Die interpretasie van tabel 4.5.16 móét saam met paragraaf 4.4.2(a) gelees word).

Die afleiding kan gemaak word dat daar geen beduidende verskil tussen die prestasieverbetering van die eksperimentele- en kontrolegroepe bestaan nie.

5.18 Resultate van statistiese data afgelei uit fig. 4.1.

(Vergelyk fig.4.1 ). Uit tabelle 4.5.13 en 4.5.15 kan afgelei word dat die blokwaarneming van die eksperimentele groep en die blokpraktikum van die kontrolegroep se prestasieverbetering bykans dieselfde is. Tabel 4.5.14 toon dat die Woensdagpraktikum van die eksperimentele groep bygedra het tot 'n beduidende prestasieverbetering, terwyl die Woensdagwaarneming van die kontrolegroep gelei het tot 'n beduidende verlaging in prestasie. Uit tabelle 4.5.1 en 4.5.3 kan afgelei

word dat die blokwaarneming van die eksperimentele groep bygedra het tot 'n beduidende prestasieverbetering op die 5% betekenispeil. Tabel 4.5.6 toon egter dat die Woensdagwaarneming van die kontrolegroep tot 'n beduidende verlaging in prestasie op die 5% betekenispeil gelei het. Uit tabelle 4.5.5 en 4.5.7 kan afgelei word dat die blokpraktikum van die kontrolegroep bygedra het tot 'n beduidende prestasieverbetering op die 1% betekenispeil. Tabel 4.5.2 toon dat die Woensdagpraktikum van die eksperimentele groep bygedra het tot 'n beduidende prestasieverbetering op die 5% betekenispeil. (Die interpretasie van tabel 4.5.13 dui aan dat tabel 4.5.10 ook geraadpleeg word; op dieselfde wyse verwys tabel 4.5.14 ook na tabel 4.5.11). (Met die uitsondering van tabel 4.5.14 is die statisties beduidende verskille van bogenoemde tabelle nie opvoedkundig beduidend nie).

Die afleiding kan gemaak word dat die blokpraktikum, die blokwaarneming en die Woensdagpraktikum bygedra het tot 'n prestasieverbetering by die eksperimentele- en kontrolegroepe, terwyl die Woensdagwaarneming 'n prestasieverlaging tot gevolg gehad het.

## 5.19 Samevatting van die resultate op die "oop" en "geslote" vrae van die vraelys.

Uit tabelle 3.20 en 3.21 kan afgelei word dat die meerderheid van die respondente ten gunste is van:

(1) blokpraktikum;
(2) blokwaarneming;
(3) 'n waarnemingstydperk vir eerstejaarstudente;
(4) die stelsel dat die eerstejaarstudent tydens praktiese onderwys 'n program van lesgee aan leerlinge sowel as 'n program van waarneming moet deurloop. (Vergelyk ook items (2) en (3) van paragraaf 4.6.3.6.).

## 5.20 'n Vergelyking van die twee skoolpraktikummodelle.

Uit fig. 4.2 kan afgelei word dat daar geen beduidende verskil tussen die prestasieverbetering van die eksperimentele- en kontrolegroepe bestaan nie. (Vergelyk paragraaf 5.17). Daar kan dus afgelei word dat die prestasieverbetering van beide skoolpraktikummodelle bykans dieselfde is. Hiérdie statistiese bevindinge sowel as die bevindinge in verband met opvoedkundige beduidenheid word ondersteun deur die resultate van die vraelys. (Vergelyk paragraaf 4.7).

Teen die agtergrond van laasgenoemde bevindinge word die hipotese vir die empiriese ondersoek verwerp.

5.21 Hipotesetoetsing.

Die bevinding van hierdie navorsing is dat daar geen beduidende verskil tussen die "Woensdagpraktikum en Blokwaarneming" skoolpraktikummodel én die "Blokpraktikum en Woensdagwaarneming" skoolpraktikummodel se toetsprestasies bestaan nie. Die twee skoolpraktikummodelle se prestasieverbetering in die eksperimentele- en kontrolegroepe is dus bykans dieselfde. Volgens hierdie navorsing is eerstejaarstudente aan die Durbanse Onderwyskollege in 1983 doeltreffend opgelei deur die toepassing van albei skoolpraktikummodelle.

5.22 Bevindinge en gevolgtrekkings.

Daar is bevind dat die blokwaarneming en die blokpraktikum se prestasieverbetering bykans dieselfde is. (Vergelyk paragraaf 5.18). Dit is wel bekend dat die blokpraktikum 'n doeltreffende skoolpraktikummodel is (talle opleidingsinstitute maak daarvan gebruik), maar dit is moontlik minder bekend dat die blokwaarneming bykans net so doeltreffend is.

Daar is bevind dat die blokwaarneming doeltreffender is as die Woensdagwaarneming of een-dag-per-week-waarneming. (Vergelyk paragraaf 5.18). Laasgenoemde soort waarneming moet dus verkieslik nie in enige skoolpraktikummodel opgeneem word nie.

Daar is bevind dat die blokpraktikum sowel as die Woensdagpraktikum tot 'n prestasieverbetering van die kontrolegroep en die eksperimentele groep onderskeidelik, bygedra het.

5.23 'n Voordeliger skoolpraktikummodel.

Daar is alreeds bepaal dat die studente in die twee skoolpraktikummodelle bykans dieselfde presteer het. Nie een van die twee skoolpraktikummodelle kan dus as 'n voordeliger skoolpraktikummodel bestempel word nie. 'n Voordeliger skoolpraktikummodel kan moontlik saamgestel word uit die komponente van albei die skoolpraktikummodelle. Gegrond op die statistiese- en vraelysresultate kan die blokpraktikum van die kontrolegroep en die blokwaarneming van die eksperimentele groep bymekaar gevoeg word om 'n voordeliger skoolpraktikummodel te vorm. By laasgenoemde skoolpraktikummodel kan selfs die Woensdagpraktikum ingeskakel word, soos in paragraaf 5.24 aanbeveel word. (Vergelyk bylae 5).

5.24 Algemene aanbevelings met betrekking tot praktiese onderwys.

Na aanleiding van die onderhawige navorsing en geraadpleegde literatuur in verband met praktiese onderwys, word die volgende algemene aanbevelings met betrekking tot praktiese onderwys gemaak:

5.24.1 Omdat praktiese onderwys een van die belangrikste aspekte van 'n onderwysersopleidingsprogram vorm, behoort dit van deurslaggewende belang by promovering en sertifisering te wees.

5.24.2 In belang van die onderwysberoep en die handhawing van standaarde, moet studente wat na remediëring nog steeds nie aan die neergelegde standaarde kan voldoen nie, sonder huiwering uitgeskakel word.

5.24.3 Opleidingsinstitute moet in samewerking met die onderwysowerheid 'n eenvormige beleid neerlê oor die optrede wat gevolg moet word wanneer onderwysstudente nie bevredigend tydens praktiese onderwys presteer het nie. Dié beleid moet so ver moontlik eenvormig deur alle opleidingsinstitute toegepas word.

5.24.4 Die doeltreffende organisasie en verloop van praktiese onderwys vereis noue kontak en samewerking tussen die opleidingsinstituut en sy kontakskole. Die teoretiese en praktiese komponente van die professionele opleiding van die onderwyser moet dus deur kontinuïteit gekenmerk word.

5.24.5 Meer omvattende handleidings waarin die doelstellings vir praktiese onderwys duideliker omlyn word, kan deur opleidingsinstitute in samewerking met die skole opgestel word. Die handleidings moet verkieslik opgevolg word deur oriënteringsbyeenkomste vir onderwysers op 'n streekgrondslag. Geleenthede vir samesprekings moet ook tussen skoolverteenwoordigers, departementshoofde en vakdosente van opleidingsinstitute geskep word.

5.24.6 Opleidingsinstitute moet simposia wat oor praktiese onderwys handel, reël. Hierdie simposia behoort bygewoon te word deur skoolhoofde, toesighoudende onderwysers, vaksuperintendente en dosente van Universiteite, Technikons en Onderwyskolleges. Simposia van hierdie aard kan 'n bydrae lewer om die opleidingsinstituut op hoogte te hou met die jongste navorsing oor praktiese onderwys sowel as die menings van ervare onderwysers wat in die onderwyspraktyk staan.

5.24.7 Die stigting van 'n advieskomitee vir praktiese onderwys word aanbeveel. Só 'n komitee moet uit skoolhoofde van die kontakskole bestaan sowel as senior personeel van die opleidingsinstituut wat by praktiese onderwys betrokke is. Dié advieskomitee moet die opleidingsinstituut adviseer ten opsigte van alle aangeleenthede rakende praktiese onderwys.

5.24.8 Skole onder beheer van die provinsiale administrasies moet almal bereid wees om saam te werk in praktiese onderwysopleidingsprogramme. Die skoolhoof moet ook die toesighoudende onderwysers keur om te voorkom dat onwillige of onervare onderwysers by praktiese onderwys betrek word.

5.24.9 Metodes wat die toesighoudende onderwyser vir sy begeleidingstaak kan voorberei, behoort nagevors te word. Enkele moontlikhede wat in hierdie verband ondersoek kan word, is byvoorbeeld:

(1) die gebruik van selfwerksaamheidsmodules;
(2) die bydrae van oriënteringskursusse en konferensies;
(3) besoeke deur dosente aan skole met die doel om toesighoudende onderwysers ten opsigte van hul taak te oriënteer en indiens op te lei.

5.24.10 Mikro-onderwysopleiding, soos wat dit in die instituutpraktikum geïnkorporeer word behoort by alle opleidingsinstitute geïmplementeer te word. Die instituutpraktikum sal studente (veral eerstejaarstudente) deeglik voorberei vir praktiese onderwys wat later sal volg.

5.24.11 Daar word aanbeveel dat die opleidingsinstitute wat 'n instituutpraktikum beoefen, 'n videoteek opbou. Laasgenoemde bestaan uit videokassette waarop 'n verskeidenheid van mikrolesse en demonstrasielesse opgeneem is. Hiérdie lesse moet verkieslik deur dosente, ervare onderwysers en knap senior studente aangebied word sodat studente die geleentheid sal hê om uiteenlopende onderwysmetodes waar te neem. Daar word ook aanbeveel dat videokassette op 'n uitruilbasis tussen die institute wat 'n instituutpraktikumopleiding beoefen, beskikbaar moet wees.

5.24.12 Dit is vir die onderwysstudent waardevol om 'n demonstrasieles by te woon wat in 'n "normale" klassituasie aangebied word. In vreemde lokale by die opleidingsinstituut heers daar nie 'n "normale" klassituasie nie. Daarom behoort twee of meer demonstrasiekamers by elk van een of twee primêre skole naby die opleidingsinstituut ingerig te word.

5.24.13 Praktiese onderwys moet so georganiseer word dat onderwysers meer seggenskap en verantwoordelikheid in die stelsel verkry. Noue en meer gereelde skakeling tussen dosente en toesighoudende onderwysers kan die doeltreffendheid van praktiese onderwys bevorder.

5.24.14 'n Noukeuriger omskrywing van die taak van die skoolhoof, adjunkhoof, departementshoof en klasonderwysers ten opsigte van onderwysstudente kan van owerheidsweë onderneem word om opleidingsinstitute te steun.

5.24.15 Hoewel die onderwysstudent met die leersituasie in die klaskamer moet kennis maak, moet hy ook bekend gestel word aan die taak en beroep van onderwyser-wees. Senior studente behoort opvolglesse aan te bied en moet geleidelik meer verantwoordelikheid in die skole wat hulle besoek aanvaar.

5.24.16 Skoolhoofde behoort die praktiese onderwys van studente aan hulle skole só te organiseer dat hulle ten volle by die skoolprogram ingeskakel word. Studente moet ook die geleentheid kry om alle administratiewe pligte van onderwysers uit te voer.

5.24.17 Voordat onderwysstudente skole vir praktiese onderwys besoek, moet hulle voorsien word van 'n volledige handleiding wat alle aspekte van die praktiese onderwys deeglik behandel.

5.24.18 Nuwe dosente wat by praktiese onderwys betrokke is, moet goed ingelig word oor hulle toesighoudende taak asook die begeleiding wat hulle aan onderwysstudente moet gee.

5.24.19 Tydens praktiese onderwys by skole moet daar noue samewerking tussen dosente en toesighoudende onderwysers wees ten opsigte van lesbeoordeling, evaluering en toesig oor onderwysstudente.

5.24.20 Wanneer die senior onderwysstudente die skole in hulle finale jaar (vierdejaar) vir praktiese onderwys besoek, moet hulle nie spesifieke lesse (evalueringslesse) voorberei nie. Dosente moet enige les in die normale roetine van die skool kan evalueer. Hiérdie dosente moet ook slegs lesse in hulle eie vakspesialiseringsrigting evalueer.

5.24.21 Studente wat skole besoek, moet onder die toesig en begeleiding van ŉ "voogdosent" staan. Die "voogdosentstelsel" is veral waardevol vir eerstejaarstudente.

5.24.22 Dosente verbonde aan die opleidingsinstituut se departement Opvoedkunde, behoort ŉ leidende rol te speel in die beplanning en organisasie van praktiese onderwys. Hierdie dosente behoort betrokke te raak by studie en navorsing om die doeltreffendheid van praktiese onderwys te verbeter. Daar moet ook gepoog word om die teoretiese en praktiese komponente van onderwysersopleiding te koördineer en te integreer.

5.24.23 Praktiese onderwys behoort oor al die opleidingsjare van onderwysstudente versprei te word. Die onderwysstudent behoort daarom reeds in die eerstejaar kennis te maak met praktiese onderwys.

5.24.24 Die personeellid wat verantwoordelik is vir die beplanning en organisasie van praktiese onderwys aan ŉ groot opleidingsinstituut moet voltyds daarmee besig wees. Hierdie persoon moet minstens op posvlak vier aangestel word.

5.24.25 Onderwysdepartemente behoort die pos van byvoorbeeld "Beplanner van praktiese onderwys" te skep. Die persoon wat die pos beklee, moet verantwoordelik wees vir die koördinering van praktiese onderwys in die betrokke skole van ŉ onderwysdepartement. Elke skool moet ook ŉ onderwyser aanstel wat vir alle reëlings rakende praktiese onderwys verantwoordelik sal wees. Daar sal noue skakeling moet plaasvind tussen laasgenoemde, die departement se koördineerder en die organiseerder van praktiese onderwys van die opleidingsinstituut.

5.24.26 Wanneer onderwysstudente skole vir praktiese onderwys besoek, behoort die "blokpraktikum en blokwaarneming" skoolpraktikummodel toegepas te word. Die blokwaarneming word geïntegreer met die blok-

praktikum vir senior studente (2de jaar tot 4de jaar). Daar behoort egter twee, nie-geïntegreerde skoolpraktikumkomponente te wees vir eerstejaarstudente met die blokwaarneming eerste, gevolg deur die blokpraktikum.

5.24.27 Indien die een-dag-per-week skoolpraktikummodel (Woensdagpraktikum by die Durbanse Onderwyskollege) gevolg word, moet dit deel vorm van 'n "blokpraktikum en blokwaarneming" skoolpraktikummodel vir eerstejaarstudente. (Vergelyk paragraaf 5.25).

5.24.28 Deurlopende praktiese onderwys wat oor langer blokperiodes strek (byvoorbeeld 4-6 weke), is verkieslik bo twee korter blokperiodes (byvoorbeeld 2-3 weke). Die langer blokperiode is belangrik vir die student se inskakeling by die klas- en skoolsituasie en dit is 'n uitstekende geleentheid om lesingteorie en klaskamerpraktyk met mekaar te versoen. Organisatories is dit ook makliker vir skole en opleidingsinstitute om onderwysstudente een keer per jaar na skole te stuur in plaas van twee keer per jaar.

## 5.25 Aanbevelings rondom 'n skoolpraktikummodel vir eerstejaaronderwysstudente aan die Durbanse Onderwyskollege.

### 5.25.1 Inleiding.

Die Durbanse Onderwyskollege het ervaring opgedoen van beide blok- en Woensdagskoolpraktikummodelle vir eerstejaarstudente. Tot 1977 is 'n stelsel van Woensdagpraktikum vir eerstejaarstudente en "verspreide blokpraktikum" vir senior studente gevolg. Met "verspreide blokpraktikum" word bedoel, blokpraktikum wat oor verskillende kwartale van die jaar versprei word. Tweedejaarstudente het byvoorbeeld skole in die eerste kwartaal besoek; derdejaar- en vierdejaarstudente het skole in die derde kwartaal besoek, maar wel op verskillende tydperke binne dáárdie kwartaal.

Sedert 1978 en tot 1981 is 'n stelsel geïmplementeer waarvolgens alle studente gesamentlik twee blokperiodes van onderwyspraktikum van twee weke lank elk, gedurende die tweede en derde kwartale deurloop het. Volgens Kock (1980:65) was die motivering vir hierdie verandering onder andere die vermoede dat die blokpraktikum doeltreffender is as die Woensdagpraktikum vir eerstejaarstudente. Kort na die implementering van laasgenoemde praktikumstelsel het dit geblyk dat die meeste personeellede van die kollege die doeltreffendheid

van die stelsel bevraagteken het. In 1982 is daar teruggekeer na die praktikumstelsel soos dit in breë trekke voor 1978 bestaan het.

Soos reeds genoem, is hierdie navorsing in 1983 onderneem in 'n poging om te bepaal of Woensdagpraktikum, óf blokpraktikum 'n voordeliger skoolpraktikummodel vir eerstejaarstudente is. As gevolg van hiérdie navorsing het die gerigte blokwaarneming 'n belangrike komponent geword van die eerstejaarstudente se praktiese onderwys. Die gerigte blokwaarneming vir eerstejaarstudente het in 1984 oor een week gestrek en in 1985 is dit uitgebrei na twee weke. Vanaf 1985 besoek alle senior studente gelyktydig skole vir 'n tydperk van vier weke blokpraktikum in die tweede kwartaal. Gedurende hiérdie vier weke sluit die kollegelesings en die eerstejaarkeuringseksamen word tydens die laaste twee weke afgelê. Die gerigte waarneming van eerstejaarstudente vind plaas tydens die eerste twee weke en die Woensdagpraktikum in die derde kwartaal.

Teen hierdie agtergrond word enkele aanbevelings gemaak wat moontlik tot 'n voordeliger skoolpraktikummodel vir eerstejaarstudente aan die Durbanse Onderwyskollege sal lei. Hiérdie aanbevelings word gemaak na aanleiding van die geraadpleegde literatuur sowel as die statistiese- en vraelysresultate van die navorsing.

5.25.2 Aanbevelings.

5.25.2.1 'n Eerstejaaronderwysstudent kan nie die skoolpraktikum behoorlik benut tensy die student deeglik daarvoor voorberei word nie. Hiérdie voorbereiding moet by die opleidingsinstituut met behulp van die instituutpraktikumopleiding plaasvind.

5.25.2.2 Die ervaring by die Durbanse Onderwyskollege toon aan dat eerstejaarstudente nie met onderwyspraktikum gekonfronteer moet word in die eerste kwartaal nie. Die eerstejaarstudent moet hom/haar eers aanpas by die nuwe situasie voordat kennis gemaak word met onderwyspraktikum. Die bestaande lees- en studieleidingprogram moet selfs uitgebrei word in die eerste kwartaal.

5.25.2.3 Na die verdeling van eerstejaarstudente in praktikumgroepe, behoort die praktikumdosente kennis te maak met hulle studente in die praktikumgroepe tydens die geskeduleerde tutoriale periodes in die laaste week van die eerste kwartaal. (Vergelyk bylae 5).

5.25.2.4 Met behulp van instituutpraktikum behoort die eerstejaarstudent goed voorberei te word vir die skoolpraktikum wat later volg. Die instituutpraktikum behoort plaas te vind tydens die eerste sewe weke van die tweede kwartaal. Dit moet onmiddellik gevolg word deur twee weke skoolpraktikum in dieselfde kwartaal. (Vergelyk bylae 5).

5.25.2.5 Tydens die instituutpraktikum behoort die eerstejaarstudente met behulp van mikro-onderwys opgelei word om die verskillende lesfases suksesvol te kan integreer in ŉ goedbeplande les, wat vir medestudente as leerlinge aangebied word. Sodoende verkry die eerstejaarstudent die nodige ervaring en selfvertroue om van sy skoolpraktikum ŉ sukses te maak.

5.25.2.6 Op grond van die gegewens verkry uit ŉ vorm in verband met die keuse van primêre skole vir praktiese onderwys wat alle eerstejaarstudente moet voltooi, word hulle in praktikumgroepe geplaas. Hiérdie indeling behoort vir beide die instituutpraktikum van die tweede kwartaal en die skoolpraktikum in Durban en omgewing van die derde kwartaal te geld. Uit bogenoemde vorm moet afgelei word of die eerstejaarstudent ŉ dagstudent (dit wil sê nie-inwonende student) of ŉ koshuisstudent is. Hierdie inligting is uiters belangrik vir bogenoemde indeling van eerstejaarstudente sowel as hulle plasing by skole in die tuisdorp of stad gedurende die blokwaarneming en die blokpraktikum van die tweede kwartaal. (Vergelyk bylae 5).

5.25.2.7 Wanneer die kollegelesings vir vier weke in die tweede kwartaal sluit, moet alle blokwaarneming en blokpraktikum in daardie tydperk afgehandel word. Terwyl die senior studente skole besoek vir ŉ blokperiode van vier weke in Durban en omgewing, behoort die eerstejaarstudente skole te besoek by hulle tuisdorpe of stede vir een week gerigte waarneming wat gevolg word deur een week blokpraktikum. Indien alle eerstejaarstudente saam met senior studente skole besoek in Durban en omgewing sou dit lei tot ŉ oorlading van primêre skole.

Gedurende die laaste twee weke van die vier weke blokperiode, behoort die eerstejaarstudente hulle keuringseksamen by die kollege te skryf. Dosente betrokke by die eerstejaareksamen wat ook senior studente besoek vir evalueringslesse, behoort die nodige

reëlings sonder enige probleme te kan tref. (Vergelyk bylae 5).

5.25.2.8 Eerstejaarstudente wat ook dagstudente is, moet verkieslik by 'n primêre kontakskool van hulle keuse geplaas word. Omdat dagstudente vir hulle eie vervoer verantwoordelik is, moet die skool wat besoek word 'n redelike afstand van hulle woonplek wees. Hiérdie plasing van eerstejaar-dagstudente behoort vir beide die blokwaarneming en die blokpraktikum van die tweede kwartaal sowel as die Woensdagpraktikum van die derde kwartaal te geld. Inwonende eerstejaarstudente moet ook so ver as moontlik by primêre kontakskole van hulle keuse geplaas word in die derde kwartaal. Hierdie plasing is egter nie van kritieke aard nie omdat kollegevoertuie hiérdie studente vir die Woensdagpraktikum in die derde kwartaal na die skole vervoer. Inwonende eerstejaarstudente besoek primêre skole by hulle tuisdorpe of stede tydens die twee weke blokperiode van die tweede kwartaal. (Vergelyk bylae 5).

5.25.2.9 Omdat eerstejaar-dagstudente dieselfde skole tydens die tweede- en derde kwartale in Durban en omgewing besoek, moet hulle in ander klasse en by ander toesighoudende onderwysers geplaas word gedurende die derde kwartaal. Inwonende eerstejaarstudente besoek skole in Durban en omgewing slegs gedurende die derde kwartaal aangesien hulle skole by hul tuisdorpe of stede besoek in die tweede kwartaal.

5.25.2.10 Voordat eerstejaarstudente primêre skole by hulle tuisdorpe of stede besoek, moet hulle eers goed ingelig word ten opsigte van die prosedure wat gevolg word tydens die blokwaarneming en die blokpraktikum. Hiérdie taak behoort die verantwoordelikheid van die praktikumdosente te wees. 'n Kort handleiding wat alle aspekte van die blokwaarneming en die blokpraktikum uiteensit, moet aan elke eerstejaarstudent voorsien word. Hierdie kort handleiding moet ook aan skole gestuur word wat eerstejaarstudente besoek, sodat skoolhoofde en toesighoudende onderwysers hulle kan vergewis van die stelsel wat toegepas word. Saam met die handleiding moet 'n amptelike brief aan die skoolhoof gestuur word wat aantoon watter student(e) die skool besoek. Albei bogenoemde stukke moet skoolhoofde bereik minstens twee weke voordat die skoolbesoek plaasvind.

5.25.2.11 Tydens die blokwaarneming en die blokpraktikum moet elke eerstejaarstudent in besit wees van 'n hardebladomslag A4-grootte skryfboek. Voor in die boek behoort 'n leswaarnemingsvorm ingeplak te word soos in bylae 2 aangedui word. Hierdie vorm moet slegs dien as 'n riglyn vir 'n geskrewe verslag van elke les wat die student waargeneem het tydens die blokwaarneming. In dieselfde boek moet alle lesse wat aangebied word tydens die blokpraktikum volledig uitgeskryf word.

5.25.2.12 Daar moet verkieslik net een eerstejaarstudent by 'n toesighoudende onderwyser geplaas word tydens die blokperiode. Tydens hierdie periode moet daar egter nie meer as twee eerstejaarstudente per toesighoudende onderwyser wees nie.

5.25.2.13 Die toesighoudende onderwyser wat deur die skoolhoof aangewys is, moet die eerstejaarstudent oriënteer ten opsigte van die klas- en die skoolsituasie. Hierdie onderwyser moet toesien dat die student 'n verskeidenheid lesse in verskillende vakke waarneem. Indien moontlik moet die student die lesse van verskillende onderwysers waarneem. Waarneming moet plaasvind tydens die eerste week en wanneer die student nie lesse in die tweede week aanbied nie.

5.25.2.14 Daar moet minstens twee maar hoogstens vyf lesse in verskillende vakke, tydens die blokpraktikum aangebied word. Lesse moet uitgeskryf en aangebied word onder die bekwame begeleiding van die toesighoudende onderwyser. Hulpverlening met lesse moet binne die raamwerk van die lesstruktuur geskied soos uiteengesit in die kort handleiding. Daar moet toegesien word dat geen lesse gedurende die eerste week aangebied word nie.

5.25.2.15 Daar moet nie van die toesighoudende onderwyser verwag word om op hierdie vroeë fase van die eerstejaarstudent se skoolpraktikum lesse te evalueer nie. Alle lesse wat aangebied word, is slegs oefenlesse en nie evalueringslesse nie. Hoewel punte nie op die spel is nie, moet die eerstejaarstudent besef dat 'n kort verslag oor sy skoolpraktikum deur die toesighoudende onderwyser opgestel word. Hierdie verslag moet deur die skoolhoof onderteken en na die kollege gestuur word. Die verslag moet deur die eerstejaarstudent se praktikumdosent bestudeer en vroeg in die derde kwartaal met die betrokke student bespreek word. Enige probleme

wat die verslag uitwys, kan tydens die Woensdagpraktikum in die derde kwartaal opgevolg en moontlik reggestel word.

5.25.2.16 Teen die einde van die tweede kwartaal behoort die praktikumdosente inligting aan hulle praktikumgroepe te verskaf oor die funksionering van die Woensdagpraktikumstelsel. 'n Kort handleiding wat die stelsel beskryf, moet ook aan elke eerstejaarstudent voorsien word. 'n Soortgelyke handleiding sowel as 'n amptelike brief wat die skoolhoof inlig watter eerstejaarstudente die skool sal besoek, behoort aan alle primêre kontakskole gestuur te word drie weke voor die einde van die tweede kwartaal.

5.25.2.17 Gedurende die laaste week van die tweede kwartaal behoort die praktikumdosent die plasing van sy praktikumgroep se eerstejaarstudente met die skoolhoof te bespreek. Die praktikumdosent ken sy studente en weet wie in hoër of laer standerds geplaas moet word.

5.25.2.18 Hoewel eerstejaarstudente afsonderlik by 'n toesighoudende onderwyser geplaas word, moet hulle nogtans in pare saamwerk tydens die aanbieding van evalueringslesse. Indien een lid van 'n studentepaar byvoorbeeld in st.4A geplaas word, sal die ander lid in st.4B geplaas word. Albei studente moet dieselfde les voorberei vir die Woensdagpraktikum. As die student van st.4A die Woensdag die evalueringsles aanbied vir die dosent, sal die student van st.4B sy les (oefenles) in sy eie klas aanbied vir die toesighoudende onderwyser. Die volgende Woensdag kan die student van st.4B die evalueringsles aanbied en sy studentemaat van st.4A, die oefenles. 'n Praktikumpunt moet slegs tydens 'n evalueringsles verwerf word. Die punt word deur die dosent toegeken met behulp van 'n evalueringsvorm soos in bylae 1 aangetoon word. Die praktikumdosent behoort sy bepunting van 'n student met die betrokke toesighoudende onderwyser te bespreek.

5.25.2.19 Die Woensdagpraktikumsiklus behoort soos volg te verloop:

(1) Afgesien van die eerstejaarstudent se oriëntering tot die klas- en die skoolsituasie, moet die eerste Woensdagpraktikum onder andere benut word om 'n lesonderwerp te verkry vir die volgende week se Woensdagpraktikum. Hierdie lesonderwerp sowel as toepaslike begeleiding, moet deur die toesighoudende onderwyser voorsien word. Geen evalueringslesse

word dus tydens die eerste Woensdagpraktikum aangebied nie. (Hoewel 11 Woensdagpraktikumdae geskeduleer word, word 10 Woensdae benut vir evalueringslesse en oefenlesse).

(2) Tydens die tutoriale periode (40 minute) op 'n Donderdag by die Onderwyskollege, bespreek elke studentepaar in 'n praktikumgroep hulle lesse vir die volgende week met hulle praktikumdosente. Nadat die praktikumdosent die nodige begeleiding verleen het, moet elke studentepaar afsonderlik 'n voorlopige les (lesskets) op foliopapier uitwerk en dit Maandagoggend by die praktikumdosent inlewer.

(3) Gedurende die Maandagmiddag se tutoriale periode (40 minute) bespreek die praktikumdosent die voorlopige lessketse (wat reeds nagesien is) met elke studentepaar. Nadat die praktikumdosent die voorlopige lesskets aanvaar het, moet elke student dit oorskryf in die kollegelessketsboek. Alle lessketsboeke moet Dinsdagoggend by die praktikumdosent ingelewer word.

(4) Nadat die praktikumdosent die finale vorm van die lesskets nagesien en aanvaar het, word alle aspekte met betrekking tot die aanbieding van die lesse met studentepare bespreek tydens die Dinsdagmiddag-tutoriale periode (40 minute). Uit elke studentepaar kan die praktikumdosent die student aanwys wat die Woensdag die evalueringsles sal aanbied vir die dosent asook die student wat die oefenles vir sy toesighoudende onderwyser sal aanbied.

(5) Die Donderdag-tutoriale periode (40 minute) moet benut word om die vorige dag (Woensdag) se evalueringslesse sowel as die oefenlesse met die studente te bespreek. Die lesse van die volgende week word ook bespreek en die Woensdagpraktikumsiklus het dan weer opnuut begin.

5.25.2.20 Die handleiding wat aan die kontakskole gestuur word, moet duidelik aantoon in watter vakke evalueringslesse en oefenlesse aangebied word op die tien opeenvolgende Woensdae.

5.25.2.21 Tydens die evalueringsles evalueer die praktikumdosent die student met behulp van die evalueringsvorm wat in die student se lessketsboek ingebind is. (Vergelyk bylae 1). Die student wat die evalueringsles aanbied se medestudent skryf 'n kort verslag oor die evalueringsles wat hy/sy waargeneem het en gee dit aan die praktikumdosent. Die toesighoudende onderwyser skryf 'n kort verslag oor die oefenles van die eerstejaarstudent en besorg dit aan die praktikumdosent. Die bepunting van eerstejaarstudente se evalueringslesse deur die praktikumdosent moet gereeld met die betrokke toesighoudende onderwysers bespreek word, sodat hulle óók in die toekenning van punte geken word. (Vergelyk bylae 5).

5.25.2.22 Woensdagpraktikum moet strek oor die hele skooldag en moet nie slegs tot voor middagete strek soos wat dit by enkele opleidingsinstitute toegepas word nie. Indien daar van studente verwag word om Woensdagoggende skole te besoek en om lesings by te woon of selfs toetse af te lê op Woensdagmiddae, skep dit 'n onhoudbare konfliksituasie tussen die praktikumorganisasie aan die een kant en die akademiese belange aan die ander kant. Sodoende kan nóg die akademiese, nóg die praktikumkomponente tot hulle volle reg kom.

5.25.2.23 Die voorgestelde praktikummodel word afgehandel met die voltooiing van die Woensdagpraktikumprogram aan die einde van die derde kwartaal. Geen instituutpraktikum, waarneming of skoolpraktikum vind in die vierde kwartaal plaas nie omdat dit 'n kort kwartaal is en studente hulle dan vir die finale eksamen voorberei.

5.26 <u>Aanbevelings vir verdere navorsing.</u>

Die "ideale praktikummodel" vir eerstejaarstudente is 'n illusie wat nie bestaan nie, omdat die praktikumbehoeftes van elke opleidingsinstituut van mekaar verskil. Selfs die praktikumbehoeftes van 'n opleidingsinstituut soos byvoorbeeld die Durbanse Onderwyskollege sal ook van jaar tot jaar verskil. Praktiese onderwys kan daarom nooit 'n statiese aangeleentheid wees nie. Dit moet 'n dinamiese proses wees wat voortdurend met die behoeftes van die opleidingsinstituut tred hou. Om met hiérdie veranderende behoeftes tred te hou, is 'n program van volgehoue navorsing in praktiese onderwys by opleidingsinstitute noodsaaklik.

Die volgende moontlike navorsingsterreine verdien verdere aandag:

5.26.1 Uit hiérdie navorsing het dit geblyk dat blokwaarneming en blokpraktikum bykans ewe doeltreffend is by die prakties- professionele opleiding van onderwysstudente. Die navorsing in dié verband het egter oor twee kort tydperke van ses dae elk verloop. (Vergelyk fig. 4.1). Navorsing behoort onderneem te word waar die blokpraktikum met die blokwaarneming vergelyk word oor 'n langer tydperk, byvoorbeeld vier weke.

5.26.2 Indien die logistiese probleme opgelos kan word, kan die navorsing soos in hiérdie proefskrif uitgevoer is, herhaal word met senior studente (byvoorbeeld derde- of vierdejaars), om te bepaal of dié resultate aanmerklik van die huidige resultate met eerstejaarstudente verskil, al dan nie.

5.26.3 Navorsing behoort onderneem te word om te bepaal hoe die samewerking tussen opleidingsinstitute en skole met betrekking tot praktiese onderwys kan verbeter. Faktore wat samewerking belemmer, moet geïdentifiseer word en aanbevelings moet gemaak word om hierdie probleme te kan oorbrug.

5.26.4 Gedurende praktiese onderwys speel die skoolhoof 'n belangrike rol. Navorsing behoort onderneem te word om die plek van die skoolhoof in praktiese onderwys te bepaal. Uit die navorsing behoort die skoolhoof se bestuurstaak tydens praktiese onderwys duidelik omlyn te word.

5.26.5 Die rol van die toesighoudende onderwyser tydens praktiese onderwys is deur Conradie (1977) in sy navorsing bespreek. Verdere navorsing op hiérdie uiters belangrike aspek van praktiese onderwys is egter noodsaaklik.

5.26.6 Navorsing behoort onderneem te word om die plek en taak van die praktikumdosent in praktiese onderwys duidelik te omskryf. In die verband moet daar spesifiek gekyk word na die begeleidingstaak van die praktikumdosent op die gebied van junior primêre-, senior primêre- en sekondêre onderwys.

5.26.7 In die "ketting" van praktiese onderwys is daar veral twee belangrike skakels naamlik die praktikumdosent en die toesighoudende

onderwyser. Voortgesette skakeling tussen hierdie persone is van kardinale belang vir praktiese onderwys. In dié verband moet navorsing onderneem word om te bepaal hoe die skakeling tussen die praktikumdosent en die toesighoudende onderwyser verbeter kan word.

5.26.8 Navorsing behoort ook onderneem te word om te bepaal hoe die student sy praktiese onderwys ervaar vanaf sy eerste tot sy finale jaar. Waardevolle wenke kan moontlik van senior studente verkry word ten einde praktiese onderwys te verbeter.

5.26.9 Die vernuwing van praktiese onderwys met behulp van navorsing oor aspekte soos internskap, die probasiejaar en die gebruik van selfwerksaamheidsmodules behoort oorweeg te word.

5.26.10 Navorsing behoort ook onderneem te word waar ŉ vergelyking getref kan word tussen ŉ groep studente wat elke jaar praktiese onderwys ervaar het (vierjaarkursus) met ŉ ander groep studente wat praktiese onderwys deurlopend in die tweede, derde en vierdejaar ervaar het. Die navorsing moet aantoon of die twee groepe se praktikumpunte aan die einde van die vierdejaar verskil al dan nie.

5.26.11 In ŉ tegnologiese samelewing wat steeds in kompleksiteit toeneem, is ŉ klaskamer sonder doeltreffende onderwysmedia totaal ondenkbaar. Navorsing behoort onderneem te word om te bepaal hoe onderwysstudente meer doeltreffend opgelei kan word deur middel van die integrering van onderwysmedia tydens praktiese onderwys.

5.26.12 Die doeltreffende evaluering van onderwysstudente tydens praktiese onderwys het nog altyd vir dosente ŉ probleem geskep. Navorsing om die toepaslike evalueringskale te ontwikkel kan moontlik ŉ positiewe bydrae tot die probleem van die objektiewe evaluering van studente se lesse lewer.

5.26.13 Navorsing behoort onderneem te word oor die voogdosentstelsel in ŉ poging om die doeltreffendheid daarvan te kan evalueer.

5.26.14 Navorsing behoort te bepaal wanneer skole gedurende die jaar besoek behoort te word (byvoorbeeld die tweede of derde kwartaal); wat die duur van die skoolpraktikum behoort te wees en of twee kort besoeke beter sou wees as een langer besoek. Navorsing in

die verband kan moontlik 'n bydrae daartoe lewer om die uiteenlopende standpunte hieromtrent te versoen.

5.27 Slotopmerking.

Net soos wat die vakwetenskaplike en dus meer akademiese opleiding van die onderwysstudent belangrik is, is ook die prakties-professionele opleiding van hierdie studente van wesenlike belang. Opleiding in die instituutpraktikum aangevul deur opleiding in die skoolpraktikum behoort daartoe te lei dat elke onderwysstudent 'n unieke onderwysstyl sal ontwikkel. Indien daar 'n behoorlike integrering van akademiese opleiding en prakties-professionele opleiding sou bestaan, kan ons praat van 'n effektiewe onderwyser.

Die kwaliteit van die praktiese onderwys wat deur dosente van die opleidingsinstitute en die toesighoudende onderwysers van die skole aan studente gebied word, bepaal in 'n groot mate of die studente hulle beroep in die toekoms suksesvol sal beoefen. Dit sal ook bepaal of die studente die basiese vaardighede in die beplanning en aanbieding van die lesse bemeester het en of hulle oor die toepaslike professionele- en vakkundige kennis beskik.

Praktiese onderwys soos geïnkorporeer in 'n toepaslike skoolpraktikummodel behoort die student dus in staat te stel om proefondervindelik aan die onderwysberoep deel te neem. Dit bied aan studente die geleentheid om hulle onderwysloopbane met groter selfvertroue te gemoet te gaan. Toegewyde en bekwame begeleiding deur die dosent aan die onderwysstudent in sy professionele vormingsjare kan 'n positiewe bydrae tot doeltreffende onderwys in ons skole lewer.

Volgehoue navorsing in praktiese onderwys om die mees voordelige skoolpraktikummodel vir die besondere opleidingsbehoeftes van 'n opleidingsinstituut te ontwerp, is 'n goeie belegging vir die strewe na doeltreffende onderwys in ons land en behoort 'n voorwaartse stap tot die volle professionalisering van die onderwys te lewer.